TEGNIESE- EN BEMARKINGSVERSLAG GRANATE

Die meeste van die granate is nou verkoop en ons is besig om die finale betaalstate en inkomstes vanaf oorsee te in. Die proses sal nog ‘n hele paar weke duur.

Daar is heelwat kwaliteitsprobleme met die laat Wonderful, veral wat kleur en merke behels. Veral in die Ooste is dit ‘n groot probleem. Die Ooste is tradisioneel een van ons bes betalendste markte. Baie van die vrugte gaan egter na die groothandel en daar was omstandighede besonder moeilik as gevolg van die Covid pandemie. Kliënte het deurlopend gesukkel om vrugte met grensgeval kwaliteit te skuif. Dit was ook baie frustrerend dat ons nie soontoe kon gaan om die probleme te help uitsorteer nie. In die verlede was Samuel gereeld in die Ooste om na die granate te kyk en besluite tot die beste voordeel van die produsente te neem. Ons werk al baie jare met die meeste van die kliënte en vertrou wat hulle doen, maar eerstehandse inspeksies en besluite bly maar ‘n baie belangrike bemarkingshulp.

Een van die groot probleme wat ons voortdurend uit die Ooste kry, is die gebrekkige terugvoer oor spesifieke kwaliteitsprobleme. Vandaar ook die gereelde besoeke wat ons daar bring ten einde goeie terugvoer aan die produsente te kan gee. Die terugvoer is vanjaar bietjie gebrekkig en kommunikasie het lank gevat, ook weens die staat van inperking in die meeste gebiede. Ons kan nou met meer selfvertroue terugvoering gee en sal die inligting wat ons het begin uitstuur. Aanvaar asseblief egter dat daar leemtes in die inligting is.

Een van die markte wat vanjaar bo verwagting goed gedoen het, is Europa. Pryse daar was deurgaans effens beter as laasjaar en verkope was oor die algemeen vinniger as wat ons verwag het, gegewe die sluiting van grense ens. Ons het redelik groot probleme in Europa verwag aangesien een van die groot verkoopspunte vir granate die naweekmarkte is, wat almal gesluit het. Gelukkig was die kliënte in staat om tussen die probleme deur die granate geskuif te kry.

Die prosesseringsmark het deurgaans aan die verwagting voldoen. Dit het vir ‘n tydjie gelyk asof dit dalk self beter sal betaal as die projeksies – toe die wisselkoers redelik swak was. Die koerse het oor die laaste week of twee egter weer begin versterk en dit is juis in hierdie perioded dat die betalings begin inkom. Ons behoort egter deurgaans redelik maklik by die beoogde pryse te kom.

WEEK 24

11 Junie 2020

Ons kort nog twee betaalstate vanaf kliënte ten einde more week 12 se verskeping finaal te betaal. Dit behoort betyds in te kom om die finale verwerkinge te kan doen.

Veilig wees.

Groete.

Sapex Span